Fokus teks: Eksodus 4: 1-9, 2020.
Liedere: Gesang 171: 1-2; Gesang 519: 1-4; Gesang 203: 1-3; Gesang 543: 1-3; VONKK 543: 1-3.

---

## AANKONDIGINGS:

- Ons deel hierdie week met groot vreugde in die verjaarsdae van twee lidmate. Op Woensdag 30 Julie wens ons Hennie Lubbe 'n baie geseënde verjaardag toe. Op Donderdag 31 Julie geluk aan oom Albie de Kock met sy verjaardag. Mag die Here elkeen ryklik seën met goeie gesondheid, vreugde en vrede, en sy liefde, genade en trou elke dag opnuut laat ervaar. Gelukkige verjaardag aan julle albei!
- **U en u gesin word hartlik uitgenooi na Bybelsondag 2026 op Sondag 16 Augustus om 09:00 by die Nederduitsch Hervormde Gemeente Zuurfontein, Kemptonpark.** Al die gemeentes van die Ring van Zuurfontein kom as één geloofsfamilie bymekaar om die Woord van God te vier en die werk van Bybelverspreiding te ondersteun. Kom beleef saam die vreugde van aanbidding, gemeenskap en God se Woord. **Enige besoeker is baie welkom! Ons sien daarna uit om u te verwelkom.**
- Het jy die afgelope tyd die verlies van 'n geliefde beleef? Dan nooi ek jou hartlik uit na 'n intieme

koffiegesprek op Woensdag 19 Augustus 2026 om 10:15 by die pastorie. In 'n klein en veilige groep sal ons saam gesels oor die werklikheid van rou en ontdek waarom daar geen kitsoplossing vir die pyn van verlies bestaan nie. Hierdie is nie 'n formele kursus nie, maar 'n geleentheid waar daar met deernis geluister, gedeel en mekaar bemoedig word. Om genoeg ruimte vir persoonlike gesprek te skep, is daar plek vir slegs sewe deelnemers. Indien jy graag wil deelneem, bespreek asseblief jou plek persoonlik by dr. Hannes Janse van Rensburg. Ek sien daarna uit om saam met jou oor 'n koppie koffie te gesels en mekaar op hierdie pad van rou met geloof, hoop en omgee te ondersteun.

## LIEF & LEED:

- Dit gaan nie goed met oom Theuns Groenewald se gesondheid nie. Ons as gemeente dink aan hom en dra hom in gebed.

- Oom Jurie Botha se gesondheid is kritiek. Ons dink aan hom, tannie Stienie en al sy geliefdes. Mag hulle ervaar dat God hulle daagliks dra.

## KLOK:

Koninkrykstyd is die langste seisoen van die kerklike jaar en volg op Pinkster. In hierdie tyd fokus ons op ons roeping om as dissipels van Jesus te leef en God se koninkryk sigbaar te maak in die wêreld. Die liturgiese kleur is groen, wat groei, lewe en hoop simboliseer.

## TOETREDE: Gesang 171: 1-2 – Heilig, Heilig, Heilig, heilig is die Heer.

## VOTUM:

Loof die Here, o my siel! Here my God, U is baie groot! Met majesteit en heerlikheid is U beklee.

## SEËN:

Genade en vrede vir ons van God ons Vader van Jesus Christus, die Here en van die Heilige Gees. Amen (Apostoliese seëngroet).

## LOFSANG: Gesang 519: 1-4 – Wees stil en weet: Ek is die Heer.

## DIT IS MAKLIKER OM IETS TE SÊ, MAAR MOEILIKER OM DIT TE DOEN:

Ons Here Jesus Christus het nie net gepraat oor liefde en diensbaarheid nie. Hy het opgestaan van die tafel, 'n doek om Hom vasgemaak en die voete van sy dissipels gewas. Daarna sê Hy: "*Ek het vir julle 'n voorbeeld gestel, sodat julle, net soos Ek aan julle gedoen het, ook aan mekaar moet doen.*"

Dit is maklik om te sê dat ons Jesus volg. Dit is moeiliker om sy voorbeeld elke dag uit te leef. Dit is maklik om liefde te verkondig, maar moeiliker om dié lief te hê wat anders dink, anders lyk of anders leef. Dit is maklik om van vergifnis te praat, maar moeiliker om self te vergewe. Dit

is maklik om oor eenheid te praat, maar moeiliker om mure af te breek en hande na mekaar uit te steek.

Petrus het met oorgawe bely dat Jesus die Here is, maar later geworstel om sy eie vooroordele prys te gee. So worstel ons ook. Ons weet wat reg is, maar hou dikwels vas aan ons eie gemak, ons eie groep en ons eie belange. Daarom herinner Jesus ons dat ware dissipelskap nie net in woorde gehoor word nie, maar in dade gesien word.

Die Here roep ons vandag om met dieselfde nederigheid as Christus te leef: om bereid te wees om te dien eerder as om gedien te word; om mekaar met genade te behandel; om ons trots neer te lê en mekaar se laste te dra.

Jesus sluit sy onderrig af met hierdie opdrag: "*Ek gee julle 'n nuwe gebod: Julle moet mekaar liefhê. Soos Ek julle liefgehad het, moet julle mekaar ook liefhê. As julle liefde*

*onder mekaar het, sal almal weet dat julle my dissipels is.*"

Mag ons daarom nie net hoor wat Christus sê nie, maar ook doen wat Hy ons geleer het. Want dit is die wil van God vir sy kerk. Amen.

## GESANG 203: 1-3, Loof die Here, al wat lewe.

## PREEK:

Die verhaal van Moses is nie eerstens die verhaal van 'n groot leier nie, inteendeel. Dit is veel eerder die verhaal van 'n groot God wat ons roep en altyd by ons is. Wanneer God Moses roep, reageer hy nie met entoesiasme nie, maar met vyf verskonings:

- Ek is nie goed genoeg nie.
- Ek ken God nie goed genoeg nie.
- Ek is bang die mense gaan my nie glo nie.
- Ek het ‘n swaar tong, ek kan nie goed voor mense praat nie.
- Stuur liewer iemand beter as ek.

Agter elke verskoning van Moses lê onsekerheid, vrees en die gevoel van ek is nie goed genoeg nie. Tog probeer God hom nie oortuig dat hy goed genoeg is nie, maar God antwoord elke keer met - Ek sal met jou wees!

Vandag kom ons by Eksodus 4 waar God 'n eenvoudige, maar belangrike vraag vra: "Wat het jy in jou hand?" Dit is 'n vraag wat nie net aan Moses gevra word nie, maar ook aan elkeen van ons. Wat het jy in jou hand? God begin dikwels nie met wat ons nie het nie, maar met dit wat ons reeds in ons hande het.

## EKSODUS 4: 1-9, 2020

1 Hierop het Moses geantwoord en gesê: “Maar as die
Israeliete my nie glo nie, en hulle nie na my luister nie?
As hulle dalk sê, ‘Die Here het nie aan jou verskyn nie’?”
2 Die Here sê toe vir hom: “Wat het jy daar in jou hand?”
Hy antwoord: “'n Staf.” 3 Die Here sê: “Gooi dit op die
grond!” En toe hy dit op die grond gooi, word dit 'n slang!
Moses het daarvoor teruggedeins. 4 Die Here sê toe vir
Moses: “Steek jou hand uit en gryp dit aan die stert!”

Moses het sy hand uitgesteek en dit gegryp. Toe word dit
weer 'n staf in sy hand. 5“Dit is sodat hulle kan glo dat die
Here, die God van hulle voorvaders, die God van
Abraham, die God van Isak, die God van Jakob, aan jou
verskyn het.”
6Die Here het weer vir hom gesê: “Steek jou hand in die
vou van jou kleed.” Hy druk toe sy hand in die vou, en toe
hy dit uittrek, was sy hand melaats, soos sneeu! 7Daarop
sê die Here: “Steek jou hand weer in die vou van jou
kleed.” Hy het weer sy hand in die vou gesteek, en toe hy
dit uit die vou uittrek, was dit weer soos die res van sy
liggaam!
8“As hulle jou nie glo nie, en nie aandag gee aan die
eerste teken nie, sal hulle die laaste teken glo. 9As dit dalk
gebeur dat hulle selfs hierdie twee tekens nie glo nie, en
nie na jou stem luister nie, skep dan van die Nyl se water
en gooi dit uit op die droë grond. Die water wat jy uit die
Nyl geskep het, sal bloed word op die droë grond.”

## PREEK:

Die mense is ‘n interessante wese! Wanneer iemand ons iets vra om te doen, iets waarvoor ons nie kans sien nie, is ons gewoonlik baie goed met verskonings. Dit begin al by kinders. "Ek het vergeet." "Ek het nie geweet nie." "Jan of Sannie het dit ook gedoen." Maar dit hou nie op wanneer ons grootword nie. Ons verskonings word net meer aanvaarbaar - of so dink ons. Ons sê: "Ek is nie die regte persoon nie." "Ek het nie genoeg tyd nie." "Daar is mense wat dit beter as ek kan doen." "Miskien eendag." “Ek het al genoeg gedoen.” “Ek is te oud.” Ek is te jonk.”

Kom ons wees vanmore vreesloos eerlik; ons almal ken verskonings en juis daarom verstaan ons Moses se verskonings so goed.

Toe God hom by die brandende doringbos roep, spring Moses nie op van opgewondenheid en vra “Hoe Here?” “Waar Here?” nie. Hy begin redeneer. Hy begin vrae vra. Hy begin verskonings maak. Die eerste verskoning is: "Wie is ek?" Die tweede is: "Wie is U?" En nou kom hy by sy derde verskoning: "Maar sê nou hulle glo my nie?"

Dit is 'n eerlike vraag. Moses dink nie net aan Farao nie; hy dink aan sy eie mense. Veertig jaar tevore het hy uit Egipte gevlug. Hy het as prins grootgeword, maar sy volk agtergelaat. Nou moet hy teruggaan en sê: "Die Here het my gestuur." Daarom is die verstaanbaar as hy vra: Wie sal my glo? Wie sal my vertrou? Wie sal my volg?

Eerlik? Ja, as ons eerlik met onsself sou wees, is dit ook dikwels my en jou vrae (verskonings).

God roep ons dalk nie om 'n volk uit Egipte te lei nie, maar Hy roep elke gelowige om deel te wees van sy koninkryk. Hy roep ons om te dien. Hy roep ons om te getuig. Hy roep ons om lief te hê. Hy roep ons vir omgegee. Hy roep ons om mense na Christus toe te wys. Hy roep ons om in die kerk te bedien en dien.

En dan begin ons verskonings. "Here, ek ken nie my Bybel goed genoeg nie." "Ek is te oud." "Ek is te jonk."

"Ek het nie tyd nie." "Ek weet nie hoe om met mense te werk nie." "Daar is ander wat dit beter as ek kan doen."

Die wonderlike van hierdie gedeelte is dat God Moses nie veroordeel omdat hy bang is nie. God neem sy vrese ernstig op. Hy antwoord elke verskoning. Maar Hy antwoord op 'n manier wat Moses nooit sou verwag het nie. En natuurlik sou julle my kon help om nog baie ander hierby te skryf.

Dit is baie interessant om op God se reaksie op die mens se verskonings te fokus, God reageer nie deur Moses moed in te praat nie. Vir Moses te vertel hy is eintlik goed en oulik en bekwaam nie.

Hy begin met 'n vraag. "Wat het jy in jou hand?" Dit klink amper na 'n vreemde vraag. God weet mos wat Moses vashou. Maar die vraag is nie vir God nie. Die vraag is vir Moses. God wil hê Moses moet anders kyk na dit wat reeds deel van sy lewe is.

Moses kyk af. Dalk in skaamte. Dalk in ongemak. En sy antwoord is seker kortaf: "'n Kierie." Dis al. Niks wat kan help nie, net 'n ou skaapwagter se kierie.

Vir veertig jaar was hierdie kierie sy metgesel. Daarmee het hy die skape gelei. Daarmee het hy op die klipperige bergpaaie voor geloop. Daarmee het hy wilde diere weggejaag. Dit was só deel van sy lewe dat hy waarskynlik lankal opgehou het om dit raak te sien.

En tog begin God juis daar. Om hierdie oomblik reg te verstaan, moet ons vir 'n oomblik terugkyk na Moses se lewe. Die eerste veertig jaar was hy 'n prins in Egipte. Hy het waarskynlik die beste opleiding ontvang wat die wêreld van daardie tyd kon bied. Hy het die paleis geken. Hy het politiek verstaan. Hy het geleer hoe 'n groot ryk funksioneer. Hy was ‘n gerekende administrateur.

Toe verander alles. Hy slaan 'n Egiptenaar dood. Hy moet vlug. Vir veertig jaar verdwyn hy in die woestyn van Midian. As iemand hom toe gevra het wat van sy lewe

geword het, sou hy waarskynlik gesê het: "Ek was eers iemand. Nou pas ek maar net skape op."

Maar God kyk (altyd) anders. Daardie veertig jaar was nie verlore jare nie. Dit was vormingsjare. God was toe al die tyd reeds aan die werk. Want die man wat leer om skape deur die woestyn te lei, word voorberei om eendag 'n volk deur dieselfde woestyn te lei.

Ek dink baie van ons kyk verkeerd na ons eie lewe. Ons dink sekere jare was vermors. Ons dink sekere ervarings beteken niks. Ons dink ons mislukkings het God se plan ontspoor. Maar God mors niks. Hy gebruik alles. Selfs ons wagtye. Selfs ons teleurstellings. Selfs ons mislukkings. Selfs 'n skaapwagter se kierie.

Die Hervormer Johannes Calvyn maak 'n pragtige opmerking oor hierdie gedeelte. Hy sê God kies doelbewus iets wat vir Moses heeltemal gewoon en alledaags is. Daar was geen krag in die kierie self nie. Die wonder lê nie in die stuk hout nie; die wonder lê in die

God wat dit gebruik. Calvyn sê God werk só "sodat die eer van die wonderwerk aan Hom behoort." Moses moes leer dat sy roeping nie op sy eie vermoë of op sy kierie rus nie, maar op die Here wat hom stuur.

Is dit nie ook ons probleem nie? Ons dink altyd ons het eers iets buitengewoons nodig voordat God ons kan gebruik. As ons net meer kennis gehad het ... As ons net meer geld gehad het ... As ons net jonger was ... As ons net meer selfvertroue gehad het.

Maar God begin by die gewone. Hy begin by dit wat reeds in ons hand is. Dan gee God 'n opdrag. Dan roep God ons. "Gooi dit op die grond." Die kierie verander in 'n slang. En Moses hardloop weg. Ek glimlag altyd wanneer ek hierdie gedeelte lees. Die groot leier van Israel hardloop vir 'n slang. Die Bybel probeer nooit sy geloofshelde groter maak as wat hulle was nie. Moses is bang. Net soos ons.

Maar dan sê God iets wat geen mens sou verwag nie. "Vat hom aan die stert." Geen slangvanger sal dit ooit doen nie. Jy gryp 'n slang agter sy kop. Nie aan die stert nie. God vra nie vir Moses om op sy ervaring te vertrou nie. Hy vra geloof. En toe Moses gehoorsaam is, verander die slang weer in 'n kierie.

Baie Ou-Testamentici wys daarop dat die slang die simbool van Farao se koningskap was. Op sy kroon was die ‘n kobra—die teken van sy mag. Nog voordat Moses voor Farao verskyn, wys God reeds dat selfs Egipte se grootste mag onder sy beheer staan. Wat vir Moses onmoontlik lyk, is vir God moontlik.

Hoe dikwels gebeur dit nie ook in ons lewe nie? Ons kyk na die toekoms en sien net slange. Ons kyk na ons of ons geliefdes se siekte. Ons kyk na onsekerheid. Ons kyk na die ekonomie. Ons kyk na ons gemeente en sien alles wat ons nie meer het nie. Ons kyk na die natuur rampe. Ons kyk na die oorloë wat daagliks om ons woed. Wat van

daai emosionele en spirituele oorloë wat sommer hier binne in ons woed.

God kyk anders. Hy vra steeds: "Wat het jy in jou hand?" Dan volg die tweede teken. Moses steek sy hand in sy klere. Wanneer hy dit uittrek, is dit vol ernstige sere. Hy steek dit weer terug. Wanneer hy dit weer uithaal, is dit volkome gesond. Nou raak die wonderwerk baie persoonlik. Die eerste teken het gegaan oor iets in Moses se hand. Die tweede gaan oor Moses se eie hand.

God wys daarmee dat sy mag nie net oor dinge strek nie. Hy is ook Here oor die mens self. Hy is Here oor ons swakheid. Hy is Here oor ons broosheid. Hy is Here oor ons herstel.

Die Ou-Testamentikus Terence Fretheim, 'n Amerikaanse lutherse teoloog, maak hier 'n besonder mooi opmerking. Hy sê God probeer nie bloot Moses se twyfel stilmaak nie; God ontmoet sy twyfel. God neem Moses se vrese ernstig op en antwoord dit met sigbare

tekens van sy teenwoordigheid. God sê nie net: "Vertrou My," en laat Moses dan alleen nie. Hy gee vir Moses tasbare herinneringe dat Hy saam met hom sal wees.

Dit is 'n belangrike. Wanneer God roep, stuur Hy ons nooit alleen nie. God se roeping en God se toerusting loop altyd saam. Die Here vra nooit van ons om iets in eie krag te doen nie.

Dan noem God 'n derde teken. Water uit die Nyl sal bloed word. Vir die Egiptenare was die Nyl lewe. Alles het daarom gedraai. Hulle oeste. Hulle ekonomie. Hulle reiniging. Hulle toekoms. Alles. En God sê: Selfs dit waarop die wêreld sy grootste vertroue plaas, staan onder my gesag.

Wanneer ons die drie tekens saam lees, sien ons 'n pragtige beweging. Die eerste teken gaan oor dit wat Moses in sy hand het. Die tweede gaan oor Moses se eie hand. Die derde gaan oor die wêreld waarin Moses leef. Met ander woorde: God is Here oor dit wat ek besit. God

is Here oor dit wat ek is. God is Here oor die wêreld waarin ek leef.

En dan besef ons dat die belangrikste vraag van hierdie gedeelte nie eintlik is of Moses bekwaam genoeg is nie. Die vraag is of Moses bereid is om dit wat reeds in sy hand is, in God se hand te plaas. Dieselfde geld vir ons. Ons leef maklik met verskonings oor dit wat ons nie het nie. As gemeente wens ons ons was groter. Ons wens ons was jonger. Ons wens ons het meer mense. Meer geld. Meer tyd. Meer gawes. Maar God vra selde: "Wat kort julle?"

Hy vra: "Wat het julle reeds ontvang?" Hier help Calvyn en Fretheim ons om die teks mooi saam te lees. Calvyn herinner ons daaraan dat God gewone mense en gewone dinge gebruik, sodat niemand anders as God die eer ontvang nie. Fretheim herinner ons weer daaraan dat God nooit roep sonder om ook sy teenwoordigheid te gee nie. Die een beklemtoon God se krag; die ander God se nabyheid.

En wanneer ons daardie twee werklikhede saam hoor, verstaan ons die Here se vraag baie beter. "Wat het jy in jou hand?" ... is nie 'n vraag omdat God nie weet wat ons het nie. Dit is 'n vraag wat ons oë oopmaak vir wat Hy reeds vir ons gegee het.

Die gewone in ons hand word buitengewoon wanneer dit deur die God van die brandende doringbos aangeraak word. Miskien is dit vanoggend die vraag waarmee ons huis toe moet gaan. Nie: "Waarom kan ek nie?" Nie: "Waarom is ek nie soos iemand anders nie?" Nie: "Waarom het ek nie meer nie?" Maar: "Here, wat het U reeds in my hand geplaas?" En dan nog 'n tweede vraag: "Is ek bereid om dit aan U oor te gee?"

Wanneer gewone mense hulle gewone lewe in die hand van God plaas, gebeur daar dinge wat geen mens ooit sou kon beplan nie. Dit het met Moses gebeur. Dit kan vandag nog gebeur. Want die God van die brandende

doringbos vra steeds dieselfde vraag: "Wat het jy in jou hand?"

Amen.

## DANKGEBED:

## SLOTSANG: Gesang 543: 1-3 ~ Here Jesus, ek is klein

## SEËN:

Vrede vir ons, en liefde en geloof, van God die Vader en die Here Jesus Christus! Die genade sal by almal wees wat vir ons Here Jesus Christus met onverganklike liefde liefhet.

## WEGSENDING: VONKK 543: 1-3 ~ Leef jou lied, kom leef jou lofsange!